

Woensdag 28 November

Skrifgedeelte: Sagaria 14:1-7

Fokusgedeelte: Sagaria 14:1-7

In dié dag word ons in Christus as buit geneem. Bly dan by Hom!

Die Heilige Gees het Sagaria geïnspireer (2 Pet. 1:21b) om in beeldende taal te praat oor wat die HERE sal doen op dié dag wat net aan Hom bekend is (Sag. 14:7). Die plek-name wat gebruik word, moet ons nie inperk nie, want die geestelike betekenis daarvan het al reeds in Christus in vervulling begin gaan (Matt. 5:17).

Die aanval wat “al die nasies” (:2) op die HERE se stad/kerk maak, is gewelddadig en wreed. Die helfte gaan verlore (:2). Die HERE laat die nasies wel toe om saam te staan en dit gee Hom die reg om self teen hulle te veg (:3) en sý deel van die buit te neem (:1).

As Hy stelling inneem op “die Olyfberg” reg voor “Jerusalem”, dan skeur die “berg” in twee deur sy krag. So maak Hy ’n kloof wat reg op die stad afloop en ander klowe afsluit. Hierdie kloof is God se ontsnaproete vir sy deel van die buit, dié wat nog in die “stad” is (:5). Wat ’n wonderlike beskrywing is dit van die één “ontsnaproete” wat Jesus Christus deur sy versoeningsoffer bewerk het vir dié wat in Hom glo! Deur Hom alléén het God vir ons, sy buit, die uitkoms bewerk.

Die HERE God bring egter ook die “hemelwesens” om die gelowiges by te staan (:5c). By Jesus se geboorte het ’n menigte van hulle in die nag verskyn om te sing van die vrede wat God op aarde bewerk het en van sy welbehag in die mense (Luk. 2:8, 14).

Dink u dat die nag van stryd waarin óns nou leef, nooit end gaan kry nie? Die HERE sê: “... maar teen die aand sal dit lig word” (:7b, 1953-vertaling). En Paulus beaam dit: “Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem” (Rom. 13:12).

Sing: Skrifberyming 3-1:1-3

Ds. JA (Johan) Schutte (Emeritus)